



ST. STANISLAUS VAN KRAKAU

11 APRIL

(103-1079)

Hierdie geliefde beskermheilige van Pole is uit 'n adellike familie gebore en ná sy studies In Gniezno en Parys tot priester gewy. In 1072 word hy teen sy wil aangestel as biskop van Krakau. Daar kom hy gou in konflik met die Poolse koning Boleslaus II wat moreel korrup en troueloos in sy handeling was. Toe die koning 'n beeldskone jong getroude vrou ontvoer en haar in sy paleis aanhou, begin biskop Stanislaus die koning in die openbaar uitdaag oor sy skandelige leefwyse en die slegte voorbeeld wat hy vir onderdane stel. Drie keer probeer die koning om vir Stanislaus deur sluipmoordenaars om die lewe bring, maar elke keer misluk die aanvalle. Toe sy ridders weier om die heilige biskop dood te maak pleeg Boleslaus self dié vieslike daad en vermoor hy met sy eie hande vir Stanislaus waar hy op 11 April 1079 besig was om die Heilige Mis in die St. Migaelskapel in Krakau te vier.